

Pretoria:

Skriflesing: Levitikus 6:1-7; Psalm 51; Mattheus 18:15-35

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 51**

Teks: Matt.6:12; Luk 11:4a

Sing: Ps. 40:8; Ps. 86:1,3; Ps. 25:3,5

As ons in die vierde bede die Here gevra het vir brood op die tafel, broeder en suster, dan staan die vyfde bede onlosmaaklik aan hierdie brood verbind. Daar staan selfs die woordjie *EN* tussen die vierde en vyfde bede- *Gee ons vandag ons daaglikse brood en vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe...* Die Here se verbond met ons is waaroor dit weereens gaan. Die verbond bind die vierde en vyfde bede tot mekaar. So belangrik soos dit is dat jy in jou nooddrif versorg moet wees... kos, werk, klere en 'n vesting, daarsonder kan ek nie lewe nie, maar ek besef ek kan ook nie lewe as my sonde nie vergewe word nie.

Die werklikheid van ons sonde en skulde kan niemand wegpraat nie. Kinderlik word hier met die Here gepraat. U sal onthou in Sondag 45 (vr. 117) was die vraag **hoe moet 'n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?** Dit het daarvoor gehandel dat daar kinderlike gehoorsaamheid moet wees, werklike diepe ootmoed en 'n ware vertrouwe. Wanneer dit so is dat die gebed die vernaamste deel van ons dankbaarheid is wat God van ons eis, dan word hierdie drie dinge in die vyfde bede ook baie duidelik van ons geëis. As ek besef dit is die grote God met Wie ons te doen het, en ek erken Hy die Here alleen moet my vergewe dan gee ons belydenis die sekerheid van waarom God dit doen en ook hoe God dit doen.

Tog moet ons hier by onself begin. Ek moet eers my eie nood werklik goed raaksien. Myself aan my eie nood ontdek voordat ek van God se eise en met 'n ware vaste vertrouwe in hierdie gebed kan voortgaan. In die ontdekking van onself moet ons weer besef Jesus het ons hierdie gebed, die volmaakte Onse Vader gebed twee keer geleer. Aan die begin van sy bediening, toe dit vir die dissipels ook 'n heeltemal nuwe gebed was. So staan die gebed as die nuwe gebed in Matt.6: 9-13, maar in Luk 11 het die Here weer meer aan die einde van sy bediening op aarde vir ons 'n tweede maal die gebed geleer. Spesifiek wat hierdie vyfde bede aanbetref is dit belangrik om al twee kere baie mooi vas te stel hoe daar nie presies dieselfde woorde in Matt. 6 en Luk 11 gebruik was nie.

Pretoria:

In Matt.6 lees ons die vyfde bede- *en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe...* terwyl ons in Luk 11 as die Here die tweede maal hierdie gebed vir ons gee dan staan daar in v. 4 *en vergeef ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat aan ons skuldig is..* Die een keer word daar gepraat van *SKULDE*, wat nie heeltemal dieselfde as *SONDE* beteken nie. Daarna eindig die vyfde bede in Matt. 6 – *soos ons ook ons skuldenaars vergewe*, terwyl Luk 11 die woorde hier anders plaas, in Luk 11 staan *want ons vergewe ook elkeen wat aan ons skuldig is...*

Hierdie feit van die gebed wat hier op twee maniere na ons kom, geliefdes, is egter nie in spanning met mekaar nie. Ons sal dit gou agterkom, maar eintlik dien die een bewoording by tot die ander bewoording om ons diepe sonde en skuld net nog duideliker te maak. Ons het so nodig om werklik die diepte van ons nood te beseef. Die Kategismus gebruik daarom nie die woord skulde of sonde afsonderlik nie, , maar daar word gepraat van **al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef...**

Al kom mense na ons, soos daar al vantevore geredeneer was dat Christus het mos klaar op Golgota vir ons betaal. Hy het vir my sonde en skuld gesterf, daarom wie eenmaal in die ewige raad van God vrygespreek is het nie nodig dat God hom/haar weer moet vergewe nie. Ons is mos klaar vergewe. Die bekende Abraham Kuyper was ook in sy verklaring van die deel van die belydenis by die punt gebring dat ons nie hier bid om nog weer vergewing van ons sondes te verkry nie, maar ons bid wel die vyfde bede dat ons net weer bewus moet raak van die vergewing wat daar vir ons was.

Volgens hierdie verklaring wil Christus ons maar net weer tot die beseef bring dat ons sondes reeds in Hom van ewigheid af vergewe is. Hoeveel respek mens dan ook vir die oortuiging mag hê moet ons erken dit bring ernstige vrae na vore. Een so 'n vraag is dat ek dan nie werklik vra dat God my misdade moet vergewe nie, want Hy het dit mos klaar gedoen. Al wat ek dan eintlik van God verwag is maar net weer 'n bewusmaking wat hier my diep in my binneste moet roer dat die Here my bewussyn moet hernu dat ek kan weet my sonde reeds vergewe is. Dit laat dit so klink asof die vergewing eintlik maar vanselfsprekend is, en dat iets van die nood waaruit hierdie bede wel ontstaan, nie meer

Pretoria:

so 'n diepe nood is nie. Dan wonder 'n mens hoekom praat die Kategismus dat ons nog steeds **arme sondaars is, wat met al ons misdade** hier gekonfronteer staan. Selfs maak die Kategismus die nood waarin ons nou nog staan selfs nog dieper... daar word ook bely die **boosheid wat ons nou nog aankleef...**dit gaan ook oor my erfsonde, my erfskul en my erfsmet...

Daarom wil ons Levitikus 6 hier bybring. Dit gaan in hierdie vroeëre bepaling van die Wet om 'n Israeliet wat iets baie waardevol kon optel, gestel 'n duur goue ring, wat by iemand anders weggeraak het. Die sonde kom as die Israeliet wat die waardevolle deel kon optel dit aanvanklik vir homself wou hou en dit nie aan sy broeder wil teruggee nie. Hy ontken dat dit nou by hom is. Tog dan kom daar wel later spyt en hy erken dan wel dat hy hierdie ring opgetel het en hy gee dit dan aan sy broer terug. Nou sou die mens wou redeneer dat die saak is mos nou afgehandel. Die ring is teruggegee en die man het reeds sy spyt oor sy verkeerdheid uitgespreek. Die Here se Woord vervolg egter hier-Trouens dit is nie teenoor die man met die verlore ring waarteen hierdie persoon eerste gesondig het nie, maar sonde is nie gesetel in wat ons teen mekaar sondig nie, maar daar is teen die Here gesondig. Die bepaling is dan dat die persoon wat aanvanklik sy vonds wou wegsteek 'n ram uit sy kudde moet neem en dit na die priester gebring moet word. Daar moet hy dan sy sonde bely. Die priester moet dan vir hom versoening doen voor die aangesig van die Here. Op die wyse sal daar vir hom vergewing wees.

Sonde kan alleen langs die weg van versoening vergewe word. Dit is in die ou verbond al duidelik die geval gewees van ek kan nie sê eenmaal vergewe altyd vergewe nie. In die ou verbond het ons ook die voorbeeld van Ex.23. Die Engel van die Here was voor die volk uitgestuur en dan word daar duidelik vir die volk van die Here gesê- *wees nie wederstrewig teen Hom nie; want Hy sal julle oortreding nie vergewe nie, want my Naam is in Hom...* Wie teenoor die Engel hom verhard is so goed hulle het hulle teen die Here verhard. Daar kan nie daarop geroem word dat ek reeds vergewe is en hierdie vergewing nou nie weer nodig is nie.

Pretoria:

As nuwe-Testamentiese kerk van die Here het daar die groot verskil in Christus gekom God het in Christus Hom met ons versoen. Die oortreding wat daar op ons moes kom dié het Christus gedra. Daaroor bestaan daar geen twyfel nie. Die pragtige woord – *toereken*- wat in die Nuwe Testament sy volle betekenis kon kry is dat ons wat met Christus versoen mag wees God wel ons oortreding ons nie toereken nie. Die Ou Testament het hierdie beloftes van vergewing en versoening duidelik wou uitdra- Ps 32:1-2 sing dit uit - *Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie.* Ons kan ook met Ps. 103:10 dit uitroep- *Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie.* Dan kom daar ook nog by- *Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees. Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is.* Psalm 130:4 stel dit net so duidelik- *Maar by U is vergewing, dat U gevrees mag word.*

Hierdie beloftes so deurlopend in die Psalms reeds vir die Here se kinders gegee, dit kan niemand van ons wegneem nie. Maar nou het ons die geheim wat in Christus na ons toe kom. Die doopsformulier stel dit pragtig- dat ons die dinge wat ons in Christus het deur die Heilige Gees na moet kyk. Dit wat jy in Christus reeds het moet jy jousef wil toeëien. Daardie toerekening wat kan word 'n toeëiening – **die afwassing van die sondes en die daaglikse vernuwning van ons lewe.**

Hierdie toeëiening moet ook langs die weg van die gebed gebeur. Deur die Heilige Gees in die weg van die geloof kan daar gebid word om wat ons in Christus reeds het ten volle myself toe te eien. As ek 'n baie steil berg moet uitklim en word 'n mens al hoe dorser en dorser. Daar bo die berg vloei daar dan die helderste stroom water hier reg voor jou verby. Al wat jy moet doen is om neer te buk en die water met jou hande te skep en te drink. Daar gebeur inderdaad 'n toeëiening van wat reeds voor jou is. Sonder hierdie toeëiening van die water sal daar vir die dorstige liggaam nie werklik verandering kan wees deur net na die water te kyk en nie die water te drink nie.

Pretoria:

Die stroom van vergewing van sondes is reeds voor ons. Om met vrymoedigheid na hierdie stroom te gaan kan in hierdie vyfde bedede gebeur. Want jy gaan na Hom wat ons Vader is. Die Vader wat in die hemel is wil dat jy vrymoedig met jou skuld na Hom toe sal gaan. Wees in alle opsigte soos een wat nie gaan probeer om iets vir die Here weg te steek nie. In Christus kan Johannes dan dit baie duidelik aan ons stel- soos dit in 1 Joh.1:9 staan- *As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.*

Nou kan ons verstaan waarom ons weer en weer hierdie gebed moet bid. Elke keer is dit nodig dat ek weer my sondes sal bely, dat ek my voor die Here sal verootmoedig. In sulke verootmoedigende woorde bid die Kategismus dan ook tot die Vader. **Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus nie toe nie.** Met hierdie bedede is ons waar Dawid in Psalm 51 ook was. Dit is nie asof Dawid te kenne wil gee hy het nou maar eenmaal hierdie groot flater voor die Here begaan, wat nie weer sal gebeur nie. Nee, in hoe die Kategismus dit voor ons bring, was Dawid reeds daarby gebring. Jy word eintlik bang vir jouself. My en jou se sondes kleef aanmekaar. Dit erken Dawid voor die Here. Die sonde hou my so vas dat ek in myself 'n gevangene daarvan is.

Wanneer ons in die gebed van Dawid onself ontdek hoe ek nie van die sonde kan loskom nie en ek maar altyd nog weer daaraan gebind is, nie vir 'n oomblik kom ek daaronder uit nie. Soveel so dat Dawid bid in *ongeregtigheid is ek gebore en in die sonde het my moeder my ontvang.* Daar kan ook nie nou agter sy ma weggekruip word nie, want dit wat ek doen dit lê oop voor die Here. Eintlik is ons hele lewensbestaan in sonde gestort wat wel verband hou met die sonde van my ouers ook. Ook hulle is weer in hulle eie sonde nie los te maak van wat weer die erfsonde in hulle was wat ook nou weer oor my is nie. Die stroom wat sonde is vloei reeds van ons eerste ouers, Adam en Eva in die paradys. Daar is so 'n sondige samehang wat elkeen van ons lewens inkerf. Die erfsonde is nie maar net 'n stukkie teorie, 'n stuk sware teologie nie, nee in werklikheid is die erfsonde 'n ontsaglike realiteit wat elkeen van ons elke dag in alles mee te doen kry. Ek

Pretoria:

kan daarvan nie maar net kennis neem nie, want dit raak elke mens tot in sy diepste grond elke dag.

As die Kategismus dan praat van die boosheid wat ons nog aankleef dan is hierdie erfsonde geen kinderspeletjies nie. Soos ek die elke dag se brood van die Here moet vra, so is hierdie vyfde bede waarlik 'n gebed wat nie minder na gekyk moet word as hoe ons na ons daaglikse bestaan kyk nie. Watter troos om dan ook Jesaja 55:7 hier te mag saamlees- *God vergeef menigvuldiglik...* Maar wat staan hier vooraan- ek moet die Here wel soek... *Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is...* God laat Hom wel vind, die sondaar kan die Here in die belofte vind wat ons in 1 Joh.1 reeds kon hoor- *Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.* In Miga 7:19 staan dit so konkreet- *U sal al hulle sondes in die diepte van die see werp...*

As die Fariseërs dit maar wou besef. Hulle wat so anders na die gebed gekyk het. Die gebed van die Fariseër en die tollenaar wil die Fariseër eintlik wys dat hy nie behoefte het aan hierdie vyfde bede nie, want hy vas tweemaal 'n week, hy gee 'n tiende van alles. Die tollenaar daarenteen wat op sy bors slaan- *o God wees my sondaar genadig...* Daar waar hy as tollenaar voor God kom is hy die een wat as sondaar homself met hierdie gebed voor die Here stel. In skulde en sonde staan hy daar. Sonde want in wese het sonde te doen om jou teiken te mis. Dit is iets van die kern van sonde in die Grieks as daar 'n pyl uit 'n boog geskiet word, maar die pyl mis die teiken. Maar ek moet nie net van sonde vergewe word nie, ook van my skulde, waar skulde alles te doen het met dinge wat ek veronderstel was om te doen en daar het ek dit ook nagelaat. Ek moes dit doen en ek het nie. Daarin staan ons skulde!

In hierdie ontdekking van onself, waar ons elke keer net dieper en dieper, ons misdade en boosheid besef, is die gebed om vergewing van skuld die mees bevrydende wat daar kan wees. In die oorspronklike taal het die woord vergewing te doen om iets weg te stuur, daarmee weg te doen. In die Bybel is daar natuurlik nog baie woorde wat hier gebruik word. Die sonde word my nie toegereken nie, dit word uitgedelg, dit word

Pretoria:

bedek, ja soos Miga dat die diepte van die see daaroor kan spoel. Sonde kan wegsink in die diepte van die see. Maar hoe is die moontlik?

Laat die Kategismus ons weer hierin voorgaan. Daar is die bloed van Jesus Christus. Ons kan ons in Christus na die Ou Testament laat teruglei en ons besef selfs in die Ou Testament was daar die grote versoendag. Dan het die priester twee bokke sou neem, die een word vir 'n offer berei, en die ander bok wat nie geslag word nie, maar tog lê die priester sy hande daarop en word die bok in die woestyn ingestuur. Al die sonde wat nou op die bok oorgedra kon word, word weggedra, weg die woestyn in. Dit het Aaron al kon doen. Met sonde is daar weggedoen. Soos met die bok is daar by 'n melaatse ook met 'n voëltjie gedoen. As 'n melaatse van sy siekte kon genees dan was die reiniging nie by die genesing afgehandel nie. Vir die reiniging het die melaatse ook na die tempel moes gaan, en daar het die priester dan 'n voëltjie in 'n houër met bloed en water gedompel en so is die voëltjie dan losgelaat om ook die woestyn in te vlieg. Die onreinheid is hierin weggedra deur die wegvlieg van 'n voëltjie. In die bok en in die voël, word daar gewys waarom God ons sonde kan vergewe. Omdat daar bloed was. Alleen deur bloedstorting kan daar versoening wees. Versoening alleen weer deur voldoening.

Hierin is Christus die Een wat kon verdien dat daar vir ons vergewing kan wees. In alles waaraan Hy voldoen het, is die versoening vir ons in sy bloed geteken. Die bloed van Christus reinig ons van al ons sondes. Dit is alleen net sy bloed wat dit kan doen. Nie ons werke of ons geloof of ons gebede wat ons kan red nie, maar net sy bloed wat Hy aan ons geskenk het. Alleen uit genade kan daar vir ons vergewing wees. Ons wat nie ons eie sonde ongedaan kan maak nie, al wat ons kan maak is om ons skulde net elke dag meer te maak, maar God vergewe ons, ons sonde en skulde. Hy kyk na ons in Christus waar ons elke dag uit die volheid van wat Christus vir ons gedoen het hierdie gebed moet bid. So word ons menigvuldiglik, volkome, onvoorwaardelik vergewe. So vêr soos die ooste van die weste verwyderd is, so vêr word ons sonde en skuld dan van ons verwyder.

Hierdie gebed staan in alles gelyk aan wat die Here van ons verwag. Kinderlike gehoorsaamheid, diepe ootmoed, ware vertrouë is in alles deel van die gebed en daarom

Pretoria:

in ware vertroue moet ons ook bid- *vergeef ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.* Nou moet ons besef dit is nie ons vergewing wat die grond vir die Here kan gee om ook vir my te vergewe nie. Die enigste grond is altyd net die lewe en bloed van Christus. Daar is in hierdie woorde van om ook my skuldenaars te vergewe die vertroue in opgeteken dat ek in dankbaarheid met hierdie gebed sal moet kan voortgaan en hierdie gebed in my lewe sal moet indra, noudat my sonde uit my lewe uitgedra kon word. Hoe moet ek die gebed indra deur God wat my sonde van my weggedra het. Broeder en suster, daar is net een manier en dit het Jesus ons in 'n gelykenis duidelik kon wys. As u die bewys van God se genade in vergewing aan uself reeds ontdek het, dit waarvoor ons aanvanklik gebid het, dan sal daar die ernstige voorneme in u wees om u naaste van harte te vergewe.

Die gelykenis stel dit duidelik dat daardie slaaf wat in ons terme miljoene rande aan sy heer verskuldig was, 10 000 talente, en die slaaf was in alles skuldig. Hy het daardie geld verduister en nou het dit op die lappe gekom. Die eienaar van die slaaf het heeltemal reg om van die slaaf elke sent van hom terug te eis. As die slaaf nie kan betaal nie, dan het die eienaar nog steeds reg om te sê verkoop sy vrou, sy kinders en alles wat hy het.

In die gelykenis kom die slaaf dan en hy val op sy knieë voor sy heer neer. Hy smeek om genade. Hy vra van sy eienaar geduld, hy wil laat blyk dat hy wel later kan betaal. Die ander slawe sou hierdie slaaf dit aan sy heer kon hoor sê! Want gebeur daar wat geen mens ooit sou kon verwag of op aanspraak kon maak nie. Ons lees die verbysterende- *En die heer van daardie diensknege het hom innig jammer gekry en hom die skuld kwytskeld.* Kwytskeld beteken hy is van alles vrygespreek. Hy hoef nie 'n enkele sent terug te betaal nie. Hy is in alles vergewe, om dit na die betekenis van ons gebede oor te dra.

Maar nou doen hierdie kwytskeldde slaaf, as hy daar van die koning algehele bevryding ontvang het, die mees skokkende wat spreek van die mees ondankbare daad wat daar kan wees. Oppad loop hy een van die ander slawe raak, wat aan hierdie slaaf eintlik 'n klein bedraggie geskuld het. Dit was niks in vergelyking met die slaaf se skuld aan die koning

Pretoria:

nie. Die dankbaarheid oor die groot kwytskelde skuld moes hierdie slaaf in dankbaarheid eintlik by sy mede slaaf somer dit dadelik hom ook kwytskeld het. Maar wat doen hierdie man toe. Hy gryp sy mede slaaf aan die keel, wil elke sent uit hom uitwurg en maak nie saak hoeveel sy mede slaaf by hom pleit om uitstel en genade nie, hierdie eerste slaaf is so hard soos 'n klip om elke sent van hom te wil terugkry. Hy het selfs sy medediensknege in die tronk laat gooi. Daar was by die groot skuldenaar geen bewys dat hy dankbaar is sy skuld is kwytskeld nie. Intendeel hy wat alles vergewe is, hy wil niks vergewe nie.

Broeder en suster, werk dit so? Met hierdie gebed erken ons voor die Here dit kan nooit so werk nie! Jy moet selfs sewentig maal sewe keer kan vergewe, m.a.w. daar kan aan jou vergewing teenoor ander mense geen einde wees nie, want God het my sy vergewing teen jou geen einde nie. As jy die getuienis of die bewys van God se genade werklik in jou lewe met vertroue en dankbaarheid utoeleef, dit waarvoor jy ook die Here vra, dat Hy jou sondes moet vergewe, dan moet jy ook vergewe. Al mag dit dalk vir jou moeilik lyk te wees, maar nêrens het die Here vir ons gesê ons moet net vra die dinge wat vir ons maklik is nie. Jy moet juis die moeilike wat jy eintlik in jouself glad nie by kan uitkom nie, vra die Here daarvoor! En dit is hoe hierdie vyfde bede eindig - mag ek genade ontvang om ook ander te vergewe.

In die gelykenis is dit ernstige genade waarvoor daar gevra word. As ek hierdie genade nie ontvang nie, soos die slaaf met die baie skulde nie die klein skuld kon vergewe nie, toe was daar vir hom ook geen vergewing meer gewees nie. Hy het hom in die gelykenis teen 'n baie ongelukkige koning te pletter geloop. Die slaaf is opnuut voor die regbank gebring en hy is oorgegee aan die straf en pyn wat hy nou ten volle verdien het. As u kan vergewe, watter vreugde om die bewys van God se genade so in jou te mag vind. Jy wat dan ook vergewensgesind gemaak is. As ek *uit* genade leef, moet ek ander ook *in* genade wil laat leef. Die woordjie WANT in Luk 11 se gebed is waarop dit aankom... *vergeef ons ons skulde, want ons vergewe ook elkeen wat aan ons skuldig is...* moet nie dat die bewys daarvoor by jou ontbreek nie, dan lieg jy mos, nie vir ander mense nie. maar jy probeer vir die Here te lieg.

Pretoria:

As Jesus aan die kruis bid-*Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie...* dan het ons geen groter bewys nodig as wat Christus klaar vir ons gegee het nie. Onthou dit staan ook geskrywe- as jy die ander hulle oortredinge nie vergewe nie, moet nie aanvaar jy moet maar altyd weer vergewe word nie. Jou oortreding en veral dan hierdie bose daad, hierdie misdad van jou tussen so baie ander misdade sal jou nie vergewe word nie...

AMEN

Vrae uit Sondag 51:

1. Op watter wyse staan die vierde en die vyfde bede aanmekaar verbind?
2. Stel weereens vas wat is die vereistes van die gebed wat God behaag en wat Hy sal verhoor? (vgl. V/A 117).
3. Wat is die verskil in die gebed wat ons in Matt.6 lees in vergelyking met die gebed wat die Here ons weer in Luk 11 leer? Is daar enige verskil?
4. Watter woorde gebruik die Kategismus as daar van ons skulde en sonde gepraat word?
5. Is dit in hierdie gebed (die vyfde bede) 'n geval van ek moet net weer herinner word dat God my reeds ten volle van my sonde en skulde vergewe het, of is dit werklik nodig dat ek die Here weer hiervoor moet vra? Is dit 'n geval van eenmaal vergewe altyd vergewe?!
6. Watter duidelike opdrag is daar in Lev 6 ter sprake as dit werklik om ware vergewing moet handel. Is dit genoeg as ek maar net spyt is oor my verkeerde handeling... ?
7. Is daar in die Ou Testament al beloftes van versoening en vergewing gewees? Motiveer.
8. Watter besondere woord staan in die belydenis en van ons formuliere (doopformulier) om die werk van Christus na ons oor te bring? T_E__ENING of ek moet dit myself T __R_KEN.
9. Hoe is dit moontlik om dit wat Christus vir ons gedoen het na ons toe oor te bring?
10. Watter belangrike woorde staan in 1 Joh.1:9?
11. Op watter wyse het Dawid in Ps. 51 die realiteite van sy sonde beleef?
12. Watter troos is vir ons in Jes.55:7 opgeteken? Wat is die belangrike wat hiermee saam geskryf staan?
13. Hoe beskryf Miga dit wat die Here met ons sondes doen?
14. Wat is die kern-betekenis van die woord SONDE?
15. Wat is die kern-betekenis van die woord VERGEWING? Hoe is hierdie betekenis by wyse van 'n bok in die Ou Testament uitgevoer?
16. Is vergewing sonder versoening moontlik? Kan daar versoening wees sonder voldoening?
17. Is ons vergewing van ander mense vir die Here die grond waarvolgens Hy ons dan ook vergewe?

Pretoria:

- 18. Watter gelykenis stel hierdie saak vir ons baie duidelik?
- 19. Kan daar aan my vergewing aan ander mense enige einde wees?
- 20. Wat is die betekenis daarvan as ek ander mense hulle oortredinge kan vergewe?

SONDAG 51

